



ecsponuus

Impak van olieprys

Die daling in die olieprys bring nie net direkte verligting vir motoriste nie. Dis 'n reuse-meevaller vir ons sukkelende ekonomie!

Die brandstofpryse sal aanstaande maand in alle waarskynlikheid met 'n verdere R1 daal wat sal beteken die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans sal kleiner wees wat inflasie binne sy teikenband sal hou.

Die deflasionêre uitwerking sal rentekoersverhogings afweer en sal help dat die rand matig sterker sal bly as voorheen – ten spyte van die verwagte styging in die prys van elektrisiteit.

Die verlaging in die prys van olie het terselfdertyd 'n groot impak op die wêreld-ekonomie wat nie vir almal ewe voordelig is nie. Oliemaatskappye dank reeds personeel af en staak groot kapitaalbestedingprojekte terwyl olieprodusente hul besteding in Amerikaanse staatseffekte, aandele en eiendom inperk – die Opu! petrodollars droog op!

Ons eie hulpbronpryse het reeds skerp begin daal en Sasol se aandeelprys het, byvoorbeeld, die afgelope drie maande met byna 30% geval. Die prys van steenkool, ystererts en koper het ook reeds skerp gedaal en myne dank werknemers op groot skaal af.

Plaaslik is daar reeds 'n beroep gedoen dat die brandstofheffing met sowat R1 verhoog moet word om onder meer met die opgradering van Eskom se elektrisiteitsnetwerk te help. Die brandstofprys sluit reeds belastings en heffings van 47% in en om dit met 'n verdere R1 – pleks van 'n aanvaarde 30 c tot 40c - te verhoog, sal buitensporig wees.

Boonop verwag die Internasionale Energie-agentskap (IEA) dat oliepryse in die tweede helfte van die jaar van die huidige \$49 per vat tot sowat \$95 per vat kan styg. Ons kan nie verwag dat die Regering die brandstofheffing weer sal verlaag as brandstofpryse oor 'n paar maande begin styg nie!

Ecsponent se filiale het geen regstreekse beleggings in hulpbronaandele nie en daarom verwag ons dat die verlaagde brandstofpryse net 'n positiewe impak op die maatskappy op die langtermyn sal hê.

Groete

Anton



Dr Anton Hay - Bemakings Direkteur

Kleinsake is GROOT SAKE!

Die bestuurskoste van beleggingsfondse verswak die opbrengs van baie aandeelportefeuljes in so 'n mate dat beleggers dikwels min of geen groei op hul portefeuljes toon nie.

Tog is daar die emosionele vertrouwe van beleggers dat hul fondsbestuurders "die mark sal klop" en dat koste dan nie soveel saak maak nie.

Navorsing bewys die teendeel: dat fondsbestuurders nie beter vaar as die markgemiddeld nie en dat koste veral in 'n afswaai van die aandele-mark 'n wesentlike impak op die groei van 'n beleggingsportefeulje kan hê.

Fondsbestuurders argumenteer dat hulle laag koop en hoog verkoop. Dis nie altyd die geval nie. Daar is twee partye in

die transaksie en IEMAND moet laag koop. Wie sê dit is noodwendig jou fondsbestuurder?

'n Onlangse voorbeeld is 'n bekende batebestuurder wat 65 fondsbestuurders het. Toe African Bank ineenstort, was hulle met 22% die grootste aandeelhouer in die bank. Die rooi ligte het al geflikker, maar die batebestuurder het tot baie kort voor die ineenstorting in die bank bly belê.

Fondsbestuurders maak foute. Waarom betaal beleggers soveel aan bestuurskoste as die algemene aandeel-indeks dikwels die opbrengs van individuele fondsbestuurders klop? Dit sal natuurlik moeilik vir 'n fondsbestuurder wees om bestuurderskoste te regverdig as bloot in 'n aandeel-indeks belê word – dus is daar gevestigde belange wat seevier.

Byna tien jaar gelede het Rob Rusconi, onafhanklike aktuaris, die mark geskok met navorsing oor die effek van koste en hoe swak die werklike opbrengste van pensioenfondse is.

Rusconi se bevinding – dat 1% se koste per jaar oor 'n tydperk van veertig jaar die belegger se opbrengs met 30% verminder – het die mark onkant betrap. Almal praat van saamgestelde groei, maar min het gedink aan iets soos saamgestelde koste.

Baie fondsbestuurders word ook vergoed op grond van die persentasie fondse onder hul bestuur. Hoe meer fondse onder hul bestuur, hoe groter die vergoeding. Dit inspireer hulle dikwels om eerder meer fondse te bekom, as om goeie opbrengste te toon.

Daar is 'n wye verskeidenheid beleggingsfondse en Rusconi meen baie van hulle word doelbewus ingewikkeld saamgestel om kostes te regverdig of feite te verskuil.

Die fondse het sekere maatstawwe en fondsbestuurders word vergoed indien opbrengste, byvoorbeeld, inflasie plus 3% klop. Die fondsbestuurders kies die maatstaf wat hulle pas en in 'n bulmark sal die maatstaf van inflasie + 3% maklik geklop word – wat groot bonusse beteken. Asof dit nie genoeg is nie, kry beleggingshuise superwinste indien die maatstawwe oortref word.

Intussen loop die kliënt boonop die risiko dat sy fondsbestuurder aan die einde van die maatstaf-tydperk nie die paal haal nie. In so 'n geval sal die bestuurder begin kans neem om dit te haal. As sy pogings nie slaag nie, is dit die belegger wat groot verliese ly.

Kommissie aan 'n finansiële adviseur word dikwels as die groot sondebok by koste voorgehou. Tog sê Rusconi dit verteenwoordig slegs 35% van die totale koste van aftreeplanne. In werklikheid gaan 13% van voorafkoste aan infrastruktuur en 16% aan bemarking, uitreiking, ens. Die aaneenlopende koste bestaan uit 9% wins, 3% belasting, 14% onderhoudskoste en 10% vir beleggingskoste en waarborgs. Dit lyk mos of die vinger met opset na die adviseur gewys word om die aandag van die werklike koste-prentjie af te trek!

Daar is die etiese vraag of trustees hul fidusiêre verantwoordelikheid nalaat deur nie fondsbestuurders se optrede en spesifiek die verhalings van kostes en die toedeling van bonusse te bevraagteken nie?

'n Mismoedige belegger het Ecspontent genader oor sy belegging van R500 000 by 'n bekende handelsbank. Ná

sewe maande is die belegging net R499 237 werd. Hy was ontsteld omdat die verwagte groei sy aftrede moes verstewig en hy sal dalk nou langer moet werk.

'n Ontleding van sy beleggingstaat toon dat R7 500 (1.5%) se aanvangskoste deur die finansiële adviseur afgetrek is. Verdere registrasie- en aanvangskoste het sy aanvanklike beleggingsbedrag tot R491 552 verlaag.

Die produk waarborg die kapitaal minus die koste. Dus nie R500 000, maar slegs R491 552! Die belegger het dit nooit besef nie.

Dr Anton Rupert

Maandeliks word bestuurskoste van R212, advieskoste van R242, asook R120 vir die finansiële adviseur verhaal. Dus 'n totale maandelikse koste van R574!

'n Ontleding van die feiteblad van die betrokke produk wys daar is ook 'n prestasiebonus aan die fondsbestuurder betaalbaar. Dit is 25% van die opbrengs as die maatstaf van verbruikersprysindeks (VPI) + 2% geklop word – dit is baie laag en die meeste ander maatstawwe begin by VPI + 3%.

Die VPI was die afgelope vyf jaar gemiddeld 5.3% per jaar. Dit beteken 'n bonus word aan die fondsbestuurder betaal as die fonds beter as 7.3% presteer. In Januarie het die inflasiekoers tot 4.4% geval – wat beteken die fonds moet net beter as 6.4% te vaar om 'n bonus te verdien.

Ironies genoeg word die fondsbestuurder dus "vergoed vir die daling in inflasie" sonder dat enige bykomende werk gedoen is.

Die feiteblad toon die fonds het die afgelope vyf jaar 'n gemiddelde opbrengs van 7.82% per jaar getoon. As die gemiddelde inflasie van 5.3% per jaar afgetrek word, beteken dit die

fonds het slegs 'n gemiddelde opbrengs van 2.6% per jaar bo inflasie gelewer. Trek die koste af en dis duidelik hoe sleg die belegger daarvan afkom.

Indien die belegger egter sy R500 000 sewe maande gelede in Ecspontent se Klas B aandele belê het, sou dit teen 'n koers van 11.2% per jaar tans op R532 655 gestaan het. Sou hy dit vir vyf jaar belê, wat 'n koers van 14% per jaar verseker, sou die belegging R540 833 werd gewees het. Dit is dus 'n opbrengs van R40 833 na sewe maande.

Ecspontent gee nie buitensporige nie maar goeie opbrengste aan beleggers – veral oor die lang termyn. Ons aanvaar aanspreeklikheid teenoor ons kliënte, verhaal geen koste nie en glo dat kliënte billik behandel moet word. 

